Walvisbaai Privaat Skool

# Die Orakel

Semester 1 2024

## AKADEMIE

Lileko Kwenani: “The Anchor ceremony makes you feel like you just joined a family.”

## KUNSTE

Allegra Kasera: “The air was filled with anticipation and euphoria as everyone watched the contestants.”

## SPORT

Christopher Clarke: “We improved and performed better as a team after each game.”

## A night to remember

**Allegra Kasera**

The air was filled with anticipation and euphoria as everyone watched the contestants of the Mr and Miss Walvis Bay Private School beauty pageant walk across the stage in their dazzling dresses and sharp fitted suits.

The contestants participated in three categories in which they had to show each of their unique charms: "Be-You-Niquely", "Bling" and "Formal wear". At the end of the night “Shy-Ann Kaoseb” and “Jordan Vorster “ walked away as Mr and Miss Photogenic, Zara Beukes as Miss Congeniality, Willem Louwrens as Mr. Congeniality and 1st Prince, Waneka Venter as 1st Princess, Magdel Pienaar as 2nd Princess, Stefan Goosen as 2nd Prince and no one other than Joy Lewis and Christo Smit were elected as Mr. and Miss Walvis Bay Private School.







# Minki en Christo sprei kreatiewe vleuels vir *Trash to Treasure*-kompetisie

**Delia de Villiers**

Die Dunes Mall Trash to Treasure-kompetisie het aan twee Naartjies die geleentheid gebied om hul kreatiewe vleuels te ontvou en 'n indrukwekkende projek uit afvalprodukte te skep.

Minki Rudolph en Christo Smit het hul kundigheid en verbeeldingrykheid ten toon gestel op 'n wyse wat die oog vang en die hart roer. “Ons projek, gebaseer op die tema ‘Our earth is beautiful. Let’s keep it that way’ het die transformatiewe krag van kreatiwiteit belig deur die lens van die "trash to treasure"-konsep. Die engelfiguur dien as 'n simbool van Christenskap, een van ons skool se vier pilare. Die liggies verteenwoordig die lig van voorbeeldige menslike wesens wat ander aanmoedig om ook volhoubaar te wees. Die vlerke dien as 'n skild wat die aarde omring, soortgelyk aan dié van 'n hen wat haar kuikens beskerm. Hierdeur hoop ons om 'n kragtige boodskap aan die jeug oor omgewingsvolhoubaarheid en die potensiaal vir vernuwing oor te dra.”

“WBPS se herwinninginisiatief, wat oor veertig klasse strek, beklemtoon die belangrikheid van die skeiding van papier, glas, plastiek, en blik. Deur hierdie proses verminder ons nie net

**Vervolg op bl.2.**

## Redaksielede betrokke by hierdie uitgawe:

Delia de Villiers (hoofredakteur)

Juané Brand (subredakteur)

Stefan Lotriet

Miguel Lloyd

Allegra Kasera

Charlana Theron

Lileko Kwenani

Cheyenne Turner

Stefan Goosen

Surika Roodman

Suheschia van Wyk

Danelle Swart

Marlee Mans

Ané Jacobsz

**Vervolg vanaf bl.1** afval nie, maar beklemtoon ons ook die waarde in die gee van nuwe lewe aan items wat eens as weggooi-items beskou is."

Hierdie visuele voorstelling van die herwinningsboodskap trek aandag, laat 'n blywende indruk op kykers en skep bewustheid oor die belangrikheid van herwinning.

Mevrou Charmaine Nagel, Kunstehoof by WBPS, sê: "Minki en Christo, julle het ongelooflike werk verrig met dié projek. Julle het nie net jul kreatiwiteit nie, maar ook jul harte in hierdie projek gestort en die resultate is werklik verbasend. Ek is ongelooflik trots op julle. Die ure se harde werk wat julle daarin gesit het getuig van julle toewyding en vurigheid om 'n verskil te maak in ons gemeenskap en die wêreld om ons.

**Ek glo opreg dat hierdie beeldhouwerk 'n impak sal hê op almal wat dit sien.**

Mag jul passie en kreatiwiteit julle nog verder neem op jul reis van selfontdekking en maatskaplike verandering. Wees trots op jul prestasies, want dit is iets om werklik te koester."










# Redaksionele kommentaar

Delia de Villiers (hoofredakteur)

**Die Orakel** is terug vir ŉ nuwe opwindende jaar! Hierdie uitgawe – geskryf déúr die leerlinge vír die leerlinge is ook ons eerste poging tot selfpublikasie. Nog 'n eerste is die toevoeging van die nuusbrief (saamgestel deur juf. Zea van der Heijden) wat as bylaag verskyn. Die Naartjiefamilie het die jaar propvol opwinding afgeskop: 'n onvergeetbare, soos nog nooit te vore huisbyeenkoms, NAPSO-atletiek, Guppy-konsert, **Die Orakel**-slypskool, die voorreg om gasheer te speel vir NMH se Media Roadshow, en nog vele meer. Ons is gereed om as spreekbuis op te tree vir ons skool en só vir almal in die gemeenskap die nuutste Naartjie-nuus te bring. Ons is vreeslik bevoorreg om ŉ geesdriftige groep junior joernaliste , sowel as ŉ nuwe fotograaf te verwelkom. Met God as lig vir ons pad, is ons opgewonde oor die res van die jaar wat voorlê!

## Tegnologie steel kinders se toekoms

Delia de Villiers

Volgens die Seattle Inspector het studies in 2011 bewys dat 39% van twee- tot vierjarige kinders toegang gehad tot sosiale media, net ŉ jaar na die Ipad vervaardig is. Skade as gevolg van konstante skermtyd word deesdae toenemend opvallend.

Volgens Alicia Marqees, ŉ arbeidsterapeut, is "die newe effekte al vanaf ŉ baie jong ouderdom sigbaar." Studies het onlangs bewys dat daar ŉ groter negatiewe impak is op kinders wat vroeër blootgestel was aan verlengde skermtyd. Marques het aan **Die Orakel** vertel dat sy al ervaar het "dat konsentrasieprobleme en taal- of spraakgebreke al hoe meer begin kop uitsteek vanaf baie jong ouderdomme."

Volgens Marqies dui onlangse studies daarop dat te veel skermtyd kinders benadeel en dat dit veral ŉ kind se uitvoerende funksionering en algemene akademiese prestasie belemmer. Marques beklemtoon: "Skerms en programme bied baie sensoriese inligting teen ŉ konstante en vinnige pas; dus kry die kind nie kans om die inligting goed te verwerk nie en leer nie die vaardigheid aan om optimaal te konsentreer en aandag te behou nie."

Kinders bring minder tyd in die natuur deur en speel dus minder buite. Marques is van mening dat kinders minder speel as gevolg van skerms, en dat speel juis belangrik is vir ontwikkeling. "Oor die algemeen het studies al bewys dat dat daar ŉ verband is tussen skermtyd en slegte slaappatrone, gewigsprobleme, angs en depressie by kinders en tieners."

Tegnologie is egter nie net negatief vir kinders nie. Volgens Marques het studies al bewys dat, as gesonde perke in plek is, die inhoud opvoedkundig kan wees en later in ŉ kind se ontwikkelingsjare ŉ positiewe invloed kan hê.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het bepaal dat tegnologie nie gesond is vir kinders onder die ouderdom van twee nie; dus word dit glad nie aanbeveel nie. Die WGO stel een uur per dag voor vir kinders tussen een en vyf jaar. Dit word egter ook aanbeveel dat kinders onder twaalf tot ŉ uur beperk moet word.

Tegnologie is nie die swartskaap in ons lewens nie, maar kan ons kinders negatief of positief beinvloed, afhangende van hul blootstelling.



Danelle Welgemoed

# Travel back in time

Cheyenne Turner, Stefan Goosen, Surika Roodman, Grade 11

On the 1st of February, WBPS started the year off with a bang, by introducing the Grade 8s' Guppy Concert theme "'Back in time'' by having a civvies day. Students were given the opportunity to step out of the confines of modernism and embark on an expedition back in time.'

Learners were dressed in attire from bygone eras - some in flapper dresses of the roaring twenties, others in bell bottoms and tie dye shirts straight out of the psychedelic sixties. Of course, you can not forget some of our male learners who dressed up as Danny from the movie "Grease".

A civvies day is nothing without its competitions at WBPS. Our learners were challenged to be the best dressed with the prize of a delicious chocolate for the winner in each grade.

Our winners were: Anel Zwemstra (Grade 8),

Marius Coetzee (Grade 9), Ané Jacobz (Grade 10), two Grade 11 learners who dressed up as a dynamic duo from "Back to the Future", Christo Smit and Reuben Maritz, and lastly, matriculant, Willem Louwrens. Learners enjoyed the break with music from the 80's, 90's and early 2000's.

Simone van der Merwe said, ''I dressed like Jennifer Aniston because I admire her style and wanted her iconic looks.'' Jana Duvenhage added, "The Theme Day was a brilliant idea, as it built up excitement for the Guppy concert and lit up the spirits of our fellow learners.'' ''Dressing up according to the theme for the Guppy concert encouraged the guppies to prepare for their big day," Linka Reichert added.



# Graad 1's laat sak hul ankertjies

Shandré Gordon

Walvisbaai Privaat Skool het die tradisionele Ankersermonie op 26 Januarie 2024 aangebied.
Die seremonie was vir die graad 1-leerlinge asook alle nuwe leerlinge van die skool.
Die skool het in 2013 die tradisie begin. Die slaan van die anker simboliseer die begin van jou nuwe skoolloopbaan by WBPS. ʼn Anker oor die algemeen spreek van standvastigheid en elke boot moet ʼn anker hê.
Aan die einde van ʼn leerling se matriekjaar kry hy/sy weer die geleentheid om die anker te slaan, wat aandui dat die skoolloopbaan voltooi is en ʼn nuwe hoofstuk aanbreek. Dis vir elke leerling ʼn voorreg om die anker te slaan en dan voel hulle so trots en groot.



## Welkom by die Naartjiefamilie!











# NMH Media Roadshow - 'n slypskool om te onthou

Miguel Lloyd

**Die Orakel**-redaksie het hierdie jaar afgeskop met twee aksiebelaaide slypskole kort op mekaar se hake. Eers ŉ interne redaksionele slypskool en daarna was WBPS gashere vir NMH se Media Roadshow - aangebied vir alle skoolkoerantskrywers en -redakteurs van ons kusskole.

Die interne slypskool is aangebied onder leiding van mev. Verity Bachmann, mev. Annelie Burger en ons redakteur, Delia de Villiers en het die volgende behels: ŉ vinnige ysbreker om ons wakker te kry, ŉ praatjie deur ŉ gasspreker -Leandrea Mouers - van NMH, ŉ smaaklike KFC-ete met koeldrank ingesluit en laastens ŉ paar wenke van Delia.

Eerste op die agenda was die ysbreker wat bestaan het uit ŉ reeks vrae oor ons skool se geskiedenis. Die wenspan het elk ŉ smaaklike blok sjokolade as beloning gekry.

## “Die slypskool was ŉ uitstekende geleentheid!”

Leandrea het ons vertel van haar belewenisse en ervarings van haar baie jare in die veld van joernalisme en wenke gegee vir ingeval een van die leerders besluit om iewers in die toekoms ŉ voltydse joernalis te word. “Die slypskool was ŉ uitstekende geleentheid om leerders te help om hulle liefde vir joernalistiek te ontdek," sê Delia de Villiers.

NMH se Media Roadshow was sowaar ŉ belewenis. Vir die week van hulle besoek was die skool in rep en roer. Enzo, Huncho en Ingrid het van ons redaksielede die geleentheid gegee om as aanbieders vir verskeie insetsels wat op MyZone uitgesaai gaan word op te tree. MyZone se besoek is afgesluit met ŉ uiters leersame werkswinkel wat deur verskeie leerlinge van ons kusskole bygewoon is. Teen die einde van die week was ons redaksielede nie net begeesterd nie, maar het ons ook sommer lekker vriende gemaak met Enzo, Huncho en Ingrid van NMH.













# Graad 8's word geanker by WBPS

Janique Smit



Op Vrydag 9 Februarie 2024 is ons graad 8´s asook die ander nuwe leerlinge amptelik by WBPS verwelkom.

Die seremonie het vroeg die oggend plaasgevind met pastoor Gerald Witbooi wat met ´n mooi boodskap geopen het. Hy het ons herinner dat die anker wat ons slaan nie net ´n tradisie van die skool is nie, maar ook dat God die anker van ons lewe is. Die doel is daarom om standvastig te wees, om wegdrywing van jou doelwitte te voorkom en om storms te help weerstaan.

## "Die Here sal jou hoop en krag gee."

Elke graad 8'ie en nuwe leerder van die skool het daarna ń geleentheid gekry om die anker te slaan. Een van die graad 8´s, Emma Quinn sê wel: “Om die anker te slaan vir die begin van my hoërskoolloopbaan is die hoogtepunt van die seremonie vir my.” Die skoolhoof, meneer Henjan van der Hyde, het vir elke nuwe leerder ń handdruk gegee. Daarna het elkeen sy tydjie in die kollig gekry, terwyl hulle op die rooi tapyt tussen trotse WBPS-ouers en geliefde skoliere terug na hul sitplek toe gestap. Lileko Kwenani sê die tradisie moet aanhou, want “It makes one feel like they just joined a family”.

Dit is die begin van ´n nuwe blaadjie: ´n nuwe lewenshoofstuk wat hul omslaan en sal afsluit wanneer hul die skool verlaat en finaal hul anker slaan. So sal hul skip nou met trots die see in seil met die Almagtige Een van bo wat hul skip deur hul skoolloopbaan in die regte rigting sal stuur.

## Lileko Kwenani: “It makes you feel like you just joined a family!”
















# Ons Guppies leer swem!

Marlee Mans

Die nuwe leerlinge van WBPS se reis het begin op 9 Januarie 2024 rondom 8-uur die oggend. Hulle was hartlik uitgenooi na ŉ opwindende oggend wat plaasgevind het by Naartjie Park, ons rugbytuisveld. Dié oggend was hulle blootgestel aan spanwerk-, hand- en oogkoördinasie-aktiwiteite, ŉ lesing oor respek vir jou ouer skoliere en selfs geleer hoe om te swem soos ŉ vis.

Elizhia Alberts, hoofmeisie van 2023, het gesê: "Wanneer dit moeilik raak as ŉ graad 8'ie, swem soos ŉ vis in die see, net soos wat ons julle geleer het. Julle sal nog baie geleenthede kry, want die see is enorm." Die eerste dag van skool het met ŉ slag afgeskop. Elke seun moes ŉ middelpaadjie dra en die meisies moes tien boksterte hê. Nie net het hulle snaaks gelyk nie, maar hulle moes allerande vreemde dinge vir ons seniors doen.

Jy moes byvoorbeeld "jou" Graad twaalf se skoene elke dag blink vryf, elke oggend ŉ sambreel dra sodat hulle nie brand nie en die belangrikste van alles,

**jy mag nie vir die res van die jaar op die gras trap nie.**

Die week van die 15de Januarie tot die 19de, moes die Guppies elke dag soos ŉ karakter van ŉ film aantrek. Een van die dae was dit kultuurdag, die volgende Disney, ensovoorts. Dit was ŉ lang maand vir die Guppies. Hulle moes klas draf, elke pouse eienaardige dinge doen, in die middae weer by die skool opdaag vir die Guppy-konsertoefening, en boonop hulle persoonlike lewe hê. Gelukkig was dit so bedrywig net tot die Guppy-konsert wat op 7 en 8 Februarie rondom 17:30 begin het. Elke kind was verplig om deel te neem. Alhoewel dit skreeusnaaks was, het almal dit geniet. Dit is ŉ storie wat elke kind hulle kleinkinders eendag kan vertel. Stefan Goosen, een van die gashere vir die aand, het van die briewe wat elke Guppy aan sy graad 12-leier geskryf het, gelees en daar het een uitgestaan: "Dankie tannie vir al die lesse wat tannie vir my geleer het. Tannie is wel streng, maar dit maak my liefde nie minder vir tannie nie. Geniet tannie se laaste jaar en mag dit vol opwinding wees." So ŉ jong kind, met sulke inspirerende woorde, het almal verstom gelaat.

Dit leer ons almal ŉ groot les: jy is nooit te jonk of oud om vriendelik met ander te wees nie.

Die aand van opwinding het op ŉ hoogtepunt geëindig nadat Kayla van der Merwe en Michael De Gouveia aangekondig was as Mejuffrou en Meneer Guppy.

Elkeen het hulle harte uitgespeel dié aand en so was hulle beloon. Aan die einde van die konsert, het elke leerling hulle das ontvang, om te wys hulle is nou amptelik deel van die hoërskool. Dié jaar sal ons nog baie van die Guppies hoor.

# Gr.11's groei by St Nowhere

Stefan Lotriet en Juané Brand

St Nowhere was hierdie jaar vir die eerste keer in die skool se geskiedenis die bestemming van vanjaar se graad 11-kamp.

Die leerlinge het Donderdag die 22ste Februarie vanaf die skoolgronde vertrek met baie gees en verwagtinge oor die kamp. Die eerste stop was in Hentiesbaai om kos vir die "uitgehongerde" kinders te kry. Daarna het hulle na die kampterrein beweeg waar hulle eers vinnig die tente moes opslaan voordat hulle begin het met die aktiwiteite.

Vier groepe was gevorm en elke spanl eier is saam met sy span met ŉ "tackle box" in een hand en n vistok in die ander af see toe, om die eerste aktiwiteit van die dag te begin.

Saam met die visvang moes elke span hulle kreatiwiteit inspan om ŉ spannaam, -lied en -kreet uit te dink. Na die 3 ure van visvang het die spanne stadig met hul dag se vangs terug beweeg kamp toe om te kyk wie die beste visserman/-vrou van die dag was.

Na die visse skoongemaak en geslag is, het mnr. Kemp met die eerste leierskapsessie begin.
Mnr Kemp het baie lang sessies gehad met die kinders waar hul in hulle onderskeie groepe besprekings gehad het. Die algemene onderwerp vir die sessies was morele waardes. Mnr. Kemp het ook gepraat oor wat dit is om ŉ waardegedrewe leier te wees. Soveel leerlinge het nuwe dinge geleer - nie net van om ŉ leier te wees nie, maar ook oor hulself en waarin hulle kan verbeter. Theuns Alberts het die volgende op die kamp geleer: "As jy nie as ŉ span werk nie, gaan jy niks bereik nie."

Op Vrydag die 23ste het elke groep spanbou-aktiwiteite aangepak om hulle verskeie leierseienskappe uit te beeld. Die aktiwiteite het gemaak dat die leerders buite die boks dink, terwyl die onderwysers monitor hoe elke kind die druk hanteer. Alhoewel Simoné Nasilowski die aktiwiteite geniet het, het sy die volgende mening daaroor gehad: "Dit was ŉ bietjie meer aktiwiteite om jou te leer om onder druk en as ŉ span te werk." Daarna het hulle weer die viswaters aangepak en net Stefan Lotriet het ŉ vis uitgetrek. Die dag was afgesluit met lekker potjiekos wat vier leerlinge van elke span moes voorberei.

Met goeie herinneringe het die leerders en onderwysers Saterdag-oggend Walvisbaai toe teruggekeer. Adriaan Boonzaaier het die volgende geantwoord op die vraag: Wat was die lekkerste deel van die kamp? "Om nuwe vriendskappe met mense te maak wat al drie jaar met ons was wat ons nie rêrig geken het nie."

Nuwe vriende is gemaak met ou kennisse en nuwe vaardighede is aangeleer. Die graad 11-kamp is definitief iets waarna daar uitgesien kan word.



# Teachers are allowed to have fun too!

Suheschia van Wyk

On the 12th of January 2024, the staff members of Walvis Bay Private School participated in a Team spirit building day at our very own Naartjie Park's club house.

The invitation of this event extended to all the staff members and BOD members of WBPS with their spouses and children. The function was conducted by the staff members, particularly the current staff function committee.

Earlier during the day the staff were divided into teams where they participated in various fun activities and obstacle courses, under the guidance of Team-Building Namibia. Mrs. Sharné Ambambi and Mrs. Lorato Onesmus said, "We learned how to play a traditional drum and the importance of being in sync with your team mates as we tackled some obstacles on the field." According to Mrs. Onesmus, some courses tested them not only physically but mentally as well.

Later that evening, at around 18h00, the event ended with a "potjie kos" competition which most teachers regarded was the highlight of the event, "because one got to see how competitive some people can get and many were taken out of their comfort zones as they received a mystery box and had to cook what was inside the box," according to Mrs. Ambambi.

When asked if the staff members should have team building events more often, Mrs. Onesmus responded with, "Yes, because you get to know you colleagues on a different platform and see some of them in their element. They're more relaxed and they unwind in ways they can't during school hours."

Schools should have team building days for teachers because they promote collaboration, improve communication, foster a positive work environment, and ultimately lead to better student outcomes. These activities help teachers build trust and understanding among colleagues, which can translate into more effective teamwork and support in the classroom. Additionally, team building days provide opportunities for professional development and networking, allowing teachers to share best practices and learn from each other's experiences.

Our school is staff work extremely hard throughout the school year. This function thus was necessary to welcome them back after a well-deserved holiday and to mingle with one another.



# Mrs De Wet's Golf Journey:
## A lifetime of passion, persistence and victories

Iileko Kwenani

To many she's known as a math wizard but in actual fact Mrs. Wilma's passion for golf has been a lifelong journey, filled with ups and downs, which ultimately lead to a triumphant return to the sport she loves. Starting her golf journey in Grade 6 during the early 1970s, Mrs. Wilma's love for the game was ignited by her father, who turned to golf as a family sport after sustaining an injury that ended his rugby career.

Playing at the family's farm, golf became a regular pastime for Mrs. Wilma. However, her dedication to the sport had to take a backseat in 1986 as her studies became a priority. It wasn't until she began teaching at Swakopmund Secondary School that she was able to reignite her passion for golf, even teaching the sport to students at the school, ploughing back her knowledge.

Mrs. Wilma's skill and dedication to the game was evident as she represented Namibia in the first All Africa tournament in 1991 and competed in another tournament in Kenya (1993), where she ranked among the top 10 players. Unfortunately, once again, life's demands forced her to step away from the game in 1995.

It wasn't until 2015 that she found her way back to the golf course, becoming a key player on the Namibian team at the 2019 All Africa tournament in Ghana. (She was the only member of the team to have played in the inaugural tournament and, clearly, made a significant impact.)

Mrs. Wilma continued to hone her skills and, in 2023, she showcased her talent in the Walvis Bay Golf club match play competition, emerging victorious in the face of tough competitions. This year, she participated in the Winner of winners competition and secured another impressive win, solidifying her status as a golf force to be reckoned with in Walvis Bay.

Mrs. Wilma's journey with golf is a testament to her unwavering dedication and love for the sport. Her story serves as an inspiration to anyone facing obstacles in pursuit of their passion.

She emphasizes that golf not only provides enjoyment and a physical challenge, but also teaches valuable life lessons. In golf, one is ultimately competing against oneself, and the sport also offers opportunities for networking and forming connections with others who share the love for the game.

Mrs. Wilma's lifelong relationship with golf is a shining example of perseverance, passion, and the rewards of never giving up on one's dreams. Her story is a testament to the enduring power of the human spirit and the joy that comes from pursuing one's true passion.

**Her story serves as an inspiration to anyone facing obstacles in pursuit of their passion.**













# Great spirit at Interhouse Athletics

Danelle Swart



On the 2nd and 3rd of February 2024, the learners of Walvis Bay Private School participated in the inter-house athletics that took place at Naartjie Park.

On the first day, at 12:00, all the learners proceeded to the pavilions for spirit building . On the second day the Big Brag took place at 07h00 in the morning. The 3 teams, the Sharks, Seals and Dolphins, participated in the Big Brag. Each team performed their dance and sang their team song, and was judged on their dance routine and spirit.

Later that day the high school's athletics took place, were each individual participant scored points for the team. All the staff and parents helped us to make this event a big success, from working in the tuck shop, preparing food, calculating points and acting as officials.

All of the athletes' hard work, all the training with their coaches and all of the stress paid off. Ashley Martins, a Grade 7 learner, said that she enjoyed the athletics very much and that she is proud of her team for winning.

The following teams won the trophies:
Spirit trophy - Dolphins
Athletics trophy - Seals

The yearly Big Brag and Athletics is a great opportunity to see young athletic potential and to give athletes an opportunity to go further with their talent, for example the Zonal athletics event.






# Beyond Sports Hockey Tournament brings opportunity for growth

Charlana Theron

Both WBPS 1st Hockey teams departed Friday at first break to compete at the Beyond Sports Hockey Tournament at WHS. They played a total of 8 matches, both boys and girls, played their hearts out.

**"As a player, the tournament was very insightful. I experienced a lot of growth as a player. Also, it was a great environment to play in."**

"The teams we played against were tough, and to be honest, better, but the good thing is what we learned after each game. We improved and performed better as a team after each game." – Christopher Clarke, 9B

The objective of the tournament was to experiment with new formations, foster cohesion and cultivate teamwork among the players. It served as a valuable learning experience for each participant.






# NAPSO-atletiek te Swakopmund verenig 23 skole

Ané Jakobsz

Op Vrydag 8 Maart 2024 skop die NAPSO-Nasionale Atletiekbyeenkoms af. Op ń lekker koel oggend staan al 23 skole reg vir die openingsoptog. Walvisbaai Privaat Skool is die gasheerskool en staan reg met 'n goed georganiseerde program.

WBPS het 110 atlete ingeskryf, wat altesaam 62 medaljes huis toe gebring het en 6 rekords laat spat het. Ons uitblinkers was:

Ashley Martins - Sy spog met 3 rekords. In spiesgooi vir dogters o.13 het sy die rekord met meer as 5 meter gebreek en haar rekord staan nou op 37.63 m. Die 100 m vir dogters o. 13 het sy binne 12.75 sekondes gehardloop en in die 200 m vir dogters o. 13 het sy die nuwe rekord op 26.73 sekondes vasgestel. Sy is ook vereer met die Junior Victrix Ludorum en die trofee vir beste dogter o. 13.

Johan van Zyl - Hy is aangewys as die beste 0. 9-seun vir sy 1ste plekke in verspring, 60 m en 80 m naellope. Rejoice Iiyambo - Sy breek die 200 m-rekord met ń tyd van 26.65 sekondes.

Anro Bouwer, seuns o. 15, spring 'n rekordhoogte van 1.87 m.

Jarred Jackson breek die 1500 m rekord met ń tyd van 4:49:56 sekondes.

Ons is baie trots op die ander Naartjie-atlete met hulle uitstekende prestasies. Na 'n uitsonderlike naweek sluit ons die byeenkoms af op Saterdag 9 Maart. Tevrede en met Naartjie-trots verdien elke atleet, onderwyser, OOV-lid, betrokke ouer en kind 'n klop op die skouer. Welgedaan, Naartjie-span.

Elnatan Privaatskool is die gasskool vir die NAPSO-atletiekbyeenkoms in 2025. Ons sien mekaar volgende jaar weer vir nuwe rekords en lekker kuiers by die wenstreep.






# Walvis Bay Private School

## Newsletter #1
## 12 June 2024

## From the Principal's desk

**Dear parents/guardians, teachers, BOD and learners**

A very big thank you to each of you for your contribution and all the wonderful successes we had with all the activities presented by the school this semester. Nobody can deny that we as a school family had numerous opportunities to showcase our school once again. In addition to this, we made the most of every situation and grabbed the opportunity to grow as a unit.

After this school holiday, a full program once again awaits us. To mention only a few: The NNKK festival hosted by us, all the different sport programmes to be completed, the summer sport programmes to start, prize-giving ceremonies, Valedictory Day, Matric Farewell and the list goes on and on.

In the end the learners have to prepare well for their final exams. Therefore, we ask that the learners attend to and focus on their academics amid all the activities.



Parents/Guardians, enjoy this time off with your kids. May everyone have a blessed holiday and time to rest before the start of a very busy second semester.

HAPD van der Hyde
PRINCIPAL

# Academics



DREAM TEAM

**SECONDARY PREFECTS 2024/2025**

**Girls:**
**Juané Brand, Jana Duvenhage, Alicia Joseph, Tamieka Makhubela, Simoné Nasilowski, Linka Reichert, Surika Roodman, Minki Rudolph, Nazneen Stuart, Cheyenne Turner**

**Boys:**
**Theuns Alberts, Logan Blaauw, Adriaan Boonzaaier, Jeandré Bruwer, Stefan Goosen, Herman Lombard, Stefan Lotriet, Hanlo Schoeman, Christo Smit, Baron van Wyk**

Ek lees myself slim



NBT's were a breeze



GRADUATION SEASON 2024



# Sport

## ATLETIEK

**Baie geluk aan die volgende atlete wat tot die onderskeie NAPSO-spanne verkies is:**

**SACSSA span Anro Bouwer Ashley Martins Carter Huber Janique Smit Jarred Jackson Johan van Zyl Leré Redelinghuys Rejoice Iiyambo Mark Lowings**

**Top 30 Anro Bouwer Janique Smit Rejoice Iiyambo**

## GYMNASTICS




**Jessica Blaauw**

**Junior African Trampoline Champion**

## ATHLETICS

**NSSU National Athletic Results 2024**

**Alray Duvenhage - Shot put 3rd and Discus 2nd**
**Ashley Martins - Javelin 1st (Record 37.33 s)**
**Rejoice Iiyambo - 100 m 2nd, 200 m 2nd and Long Jump 3rd**
**Leré Redelinghuys - 400 m 6th**
**Baron van Wyk - 100 m 1st (Record 10.99 s)**
**Ben Redelinghuys - High Jump 3rd**
**Anro Bouwer - High Jump 1st (Record 1.76 m)**
**Jarred Jackson - 3000 m 11th**

**These Volbloednaartjies have set 3 national records and earned 3 gold, 3 silver and 3 bronze medals.**

**WOW! Thank you to our esteemed coaches for putting in the hard work with them. We honour you.**

SPECIAL MOMENT!

FIVE NAARTJIE OLD

BOYS PLAYING RUGBY

FOR NAMIBIA UNDER 20

IN ZIMBABWE!



## RUGBY

**Congratulations to the following players for being selected for the various National Rugby teams:**

**U/16 Rhino Week**
**Shaun Carstens**

**U/16 Grant Khomo**
**Milan Marais**
**Johan van Wyk**
**MJ de Villiers**
**Ruhan Boonzaaier**
**Lian Kittler**

**U/18 Academy Week**
**Tiaan van der Westhuizen**
**Herman Lombard**
**Hanlo Schoeman**

**Spesiale melding moet gemaak word van Ivann Booysen wat tydens hul boogskietkompetisie in Windhoek twee 50's na mekaar geskiet het.**



## BOOGSKIET

## RUGBY

**Hier is ons Erongospan-verteenwoordigers:**

**O. 12-rugbyseuns:**
**Dian Greeff, Nathen Alberts, Joachim Gouws, Oscar van Reenen**

**O. 13-rugbyseuns:**
**Cody de Vries, Caden de Vries, Raylin de Klerk, Stefan Zerbe, Ruan Fourie, Ayden Sitzer, Ben Redelinghuys, Henko Jacobsz, Jandré Sales, Rijk Duvenhage, Wehan Groenewald**

**2 seuns opgeneem in die o. 13 Nasionale span: Rijk Duvenhage, Wehan Groenewald**



# Kultuur

**Walvisbaai Privaat Skool bied aan:**

it is your time to

**Shine!**

NAPSO
Namibiese Privaatskole Organisasie
Namibian Private Schools Organisation

NICTUS HOLDINGS GROUP

## kuns- en kultuur-FEES

**SEPTEMBER 2024**

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

Independence Celebration



Het jy al gestem?






Hou koers, Vories!



Modelwerk - Mila Swiegers

Bloedskenk



# Naartjiefamilie

**SOME MIGHT COME AND SOME MIGHT GO**
**LIFE IS JUST LIKE A RIVER - A CONSTANT FLOW**
**WHAT A WONDERFUL THING, THIS CYCLE MUST HAVE A REASON**
**FOR THOSE WHO MAKE AN IMPACT, EVEN JUST FOR A SEASON...**

**We say farewell to the following WBPS staff:**

**Ms Raynel Silver (Grade R)**
**Ms Zea van der Heijden (Marketing)**
**Ms Lorato Onesmus (Secondary English)**
**Ms Annelie Coetzee (Secondary Mathematics)**
**Mr Rowlan Simpson (Secondary Economics)**

**And welcome the next impactors:**

**Ms Anneke Burger (Grade R)**
**Ms Charlize van Zyl (Primary English)**
**Ms Mignon Nel (Secondary Geography)**
**Ms Natasha Mberira (Secondary Economics)**
**Ms Tiffany Wittman (Temp Secondary Mathematics)**
**Ms Anel Bester (Temp Secondary English)**

**Mrs Charmaine Nagel welcomed her third granddaughter, Amalia Rose Kruger, born on 27 May 2024.**






ASPIRATE AD ASTRA

# Want to become a

# NEW *naartjie*

## 2025 Applications opens 15 July 2024

**Contact our school office at**

Primary: 064 279 270 or primarysecretary@wbps.com.na

Secondary: 064 279 250 or reception@wbps.com.na

# IMPORTANT DATES

THIS ONE GOES ON THE FRIDGE

**DISCLAIMER**

Please note that all dates are subject to change. Please download our D6 Connect App to ensure that you stay updated with the latest calendar. Scan your phone's camera over the QR code to download the GREY app today!

# SECOND SEMESTER 2024

| | |
|---|---|
| WOES Wine Auction | 13 June |
| Archery Ranking Shoot @ WBPS | 15 June |
| Logos Hope Missions Ship | 15-21 July |
| AEB-jeugkamp | 9-13 July |
| Applications 2025 open | 15 July |
| School starts | 16 July |
| SPCA Fundraiser | 15-26 July |
| Gr R & 1 Open Day | 19 July |
| Parents Meeting | 30 July |
| 40 Days | 31 July |
| WBPS's Birthday | 3 August |
| (Corporate Netball League) Walking Wednesdays | 7-28 August |
| African Schools Archery Champs | 22-24 August |
| Heroes' Day (Public holiday) | 26 August |
| Grade 6 Camp | 29 August |
| Stop-en-Stap | 30-31 August |
| Grade 8 (2025) Info evening | 3 September |
| Oupa- en Oumadag | 6 September |
| Archery Nationals | 7 September |
| Sport Prize-giving | 9 September |
| Matric Farewell | 13 September |
| NNKK 2024 hosted by WBPS | 18-21 September |
| Midterm break | 23-29 September |
| ASTRA Evening | 7 October |
| Nativity Play & School closes | 28 November |
| Report cards handout | 5 December |

